

Titel: Die Goedheid van God 2
Pastoor: Phillip Boshoff
Datum: 30 Augustus 2009
Tyd: 09:00



Let op Sy goedheid

Romeine 11:22 (NV)

Let dan op die goedheid en strengheid van God: sy strengheid oor die afvalliges, en sy goedheid oor jou. Maar dan moet jy uit sy goedheid lewe, anders kan jy ook uitgekap word.

Smaak en sien Sy goedheid

Psalm 34:8-10

⁸Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil! ⁹Vrees die HERE, o sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie. ¹⁰Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.

Versadiging van die goeie

Psalm 103:1-5

¹ 'n Psalm van Dawid. Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! ²Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! ³Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, ⁴wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, ⁵wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.

Vir ons blydschap

Johannes 16:23-24

²³En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee. ²⁴Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.

- *“God is most glorified in us when we are most satisfied in Him” - John Piper*

Goed vir almal

Psalm 145:8-9

⁸Genadig en barmhartig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. ⁹Die HERE is vir almal goed, en Sy barmhartighede is oor al Sy werke.

Psalm 145:8-9 (NV)

⁸Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde. ⁹Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het.

Goed vir almal

Mattheüs 5:44-45

⁴⁴Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; ⁴⁵sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.

'n Goeie oog

Mattheüs 20:1-16

¹Want die koninkryk van die hemele is soos 'n huisheer wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur. ²En nadat hy met die arbeiders ooreengekom het vir 'n penning op 'n dag, stuur hy hulle in sy wingerd. ³En omtrent die derde uur gaan hy uit en sien ander ledig op die mark staan. ⁴En hy sê vir hulle: Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal ek aan julle gee. En hulle het gegaan.

⁵Weer het hy omtrent die sesde en die negende uur uitgegaan en net dieselfde gedoen. ⁶En omtrent die elfde uur gaan hy uit en vind ander ledig staan en sê vir hulle: Wat staan julle hier die hele dag ledig? ⁷Hulle antwoord hom: Omdat niemand ons gehuur het nie. Hy sê vir hulle: Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal julle ontvang. ⁸En toe dit aand geword het, sê die heer van die wingerd vir sy opsigter: Roep die arbeiders en betaal hulle hul loon; en begin van die laastes af tot by die eerstes.

⁹En die wat omtrent die elfde uur begin het, het gekom en elkeen 'n penning ontvang. ¹⁰Die eerstes kom toe en dink dat hulle meer sal ontvang, en hulle het ook elkeen 'n penning ontvang. ¹¹En toe hulle dit ontvang, murmureer hulle by die huisheer ¹²en sê: Hierdie laastes het een uur gewerk, en u het hulle gelykop behandel met ons wat die las van die dag en die hitte gedra het.

¹³Maar hy antwoord en sê vir een van hulle: Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir 'n penning nie? ¹⁴Neem dan wat joue is, en gaan heen. Ek wil aan hierdie laaste een gee net soos aan jou. ¹⁵Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is? ¹⁶So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies.

Sy goedheid lei tot bekering

Romeine 2:4

God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur Sy goedheid tot bekering wil lei nie?

Sy goedheid bring vergifnis

Psalm 130:3-4

³As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan? ⁴Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.